HOËRSKOOL BONNIEVALE
NUUSBRIEF

19 Januarie 2023

OMSENDBRIEF 1/2024

Geagte ouers, leerders en Bonnievalers

1. **Voorspoed:** Die vrolikheid was duidelik sigbaar onder die leerders by Woensdagoggend se saalbyeenkoms. Die Bonnies is goed uitgerus en oorgehaal om 2024 met goeie gees binne te gaan. Daar heers beslis ‘n positiewe gesindheid onder die leerders en ons het baie goeie gedrag die eerste paar dae waargeneem. Voorspoed en ‘n geseënde jaar vir julle almal.

2. **Fokus vir die jaar:** Ons twee grootste fokuspunte vir die jaar bly dieselfde as verlede jaar: om ons akademie en dissipline te verbeter. Ons leuse vir 2024 is: **Bemagtig jouself!** Ons glo dat elke Bonnie AL die gereedskap by hierdie mooi skool van ons kry om hulle ten volle toe te rus om ‘n groot sukses van hul lewens te maak. Maak gebruik van elke geleentheid, Bonnies!

3. **Admaths:** Baie geluk aan **Christiaan de Wet** (2023 se hoofseun) wat 91% behaal het vir Admaths (Advanced Mathematics). Dit is ‘n enorme prestasie vir so ‘n uitdagende vak. Ons is baie trots op jou, Christiaan!

4. **Deelname:** Ek doen ‘n beroep op u as ouer om u kinders ten sterkste te motiveer om op te daag vir oefeninge en aan soveel moontlik aktiwiteite by HS Bonnievale deel te neem. Besoek gerus ons webblad hsbonnievale.co.za om te sien watter wonderlike geleenthede u kinders het. Doen ook moeite om u kinders te ondersteun deur ‘n toeskouer te wees by alles waaraan u kind deelneem. ‘n Betrokke Bonnie is ‘n gelukkige Bonnie.

5. **Laerskoolprysuitdeling:** Laerskoolouers, neem asseblief kennis dat die gr. 1 tot 7-prysuitdeling van hierdie jaar af nie meer in Desember gehou sal word nie, maar in die tweede week van die vierde kwartaal op **9 Oktober**.

6. **Ouergraadverteenwoordigers:** Die skool benodig die hulp van een ouer per graad wat as graadverteenwoordiger optree. Ons het ouers se hulp nodig by sportgeleenthede, soms as beamptes en meestal in die snoepies. Die graadverteenwoordiger se verantwoordelikheid **sal nie wees om self by elke geleentheid te wees nie**, maar om ander ouers in daardie graad te kontak om vir me. Lelise Scheepers by te staan wat die snoepies bestuur. Ons glo dat hierdie stelsel sal help dat dit nie ‘n handjievol van dieselfde ouers is wat week na week by die snoepie help nie en dat meer ouers by die skool betrokke kan raak. Indien u belangstel, laat weet asseblief u kind se registeronderwyser per WhatsApp (nommers is op die WhatsApp-registergroepe beskikbaar) of deur ‘n briefie saam skool toe te stuur, teen **Maandag 22 Januarie**.

7. **Kleure-atletiek:** Kom besoek gerus ons kleure-atletiekbyeenkoms op **Donderdag 25 Januarie** (Dirigente-opkoms en aflosse) en **Vrydag 26 Januarie**. Die dirigente se opkoms en die krete van die kleurspanne was regtig indrukwekkend die afgelope twee jaar. Baie sterkte vir hierdie jaar se dirigente. Geelspan: **Danika Grobler, Janice Matheys, Shamsunicia Stalmeester, Juraydo Kana.** Groenspan: **Robin Prins, Trifosa Franse, Byron Franse, Ruben Amos**.

8. **Atletiekbeamptes:** Indien ouers of oudleerders beskikbaar is en bereid is om as beampte op te tree, kan u asb. dringend vir mnr. Pieter Brink (066 478 3492) ‘n WhatsApp stuur sodat u naam op die beamptelys gevoeg kan word. Beamptes meld aan om 6:30 en die byeenkoms eindig om 15:30. U kan op hierdie manier ook betrokke raak en wys dat u ‘n trotse Bonnie-ouer is!

9. **Graad 1’s:** ‘n Klomp jolige gesiggies het Woensdagoggend hulle ouers gegroet en graad 1 toe gekom. Ons sê baie welkom vir al die nuwe graad 1’s en hul ouers. Ouers kan gerus wees dat hierdie jongspan in baie bekwame hande is. Ons grondslagfase-onderwysers is ervare en baie goeie onderwysers. Ek wil die graad 1-ouers ook nooi om sommer van die begin af in te skakel en deel te word van die Bonnie-familie. Sonder ouerhulp, kan ‘n skool nie effektief funksioneer nie.

10. **Graad 8-oriëntering:** Welkom aan elke graad 8-leerder wat hierdie week by Hoërskool Bonnievale aangesluit het. Daar het reeds verskeie oriënteringsprogramme hierdie week plaasgevind en vanmiddag direk ná skool word daar nog aktiwiteite vir die graad 8’s by die skool gehou. Vanmiddag se sessie eindig om 15:30. Baie dankie vir die onderwysers, VRL en VRL-ouers vir al die moeite wat julle met hierdie geleenthede doen. Kontak asseblief vir mnr. Valen van Heerden vir meer inligting daaroor by 084 500 1095.

11. **Graad 8-saalbyeenkoms:** Alle graad 8-ouers word uitgenooi om **Maandag 29 Januarie** om **7:20** ‘n spesiale saalbyeenkoms vir die graad 8’s by te woon. Op hierdie Maandag mag die graad 8’s ook vir die eerste keer hulle amptelike groen skoolbaadjies skool toe bring, wat dan seremonieel aan elke graad 8 op die verhoog oorhandig sal word. **Sorg dus asseblief dat u kind teen Maandag 29 Januarie ‘n skoolbaadjie het**. Die dra van skoolbaadjies is verpligtend volgens ons gedragskode. Ons sal ná die saalbyeenkoms ons tradisionele Golden Gate-seremonie volg en behoort teen min of meer 8:30 klaar te wees.

12. **Jeugmentors:** Ons skool is baie bevoorreg om twee jeugmentors te hê wat help om na die welstand van ons kinders om te sien. Hulle nooi die leerders uit om afsprake met hulle te maak vir enige situasie waarmee hulle hulp benodig. Albei van ons mentors by die skool is ook intensief betrokke by sportafrigting. Kontak hulle gerus by rboshoff@hsbonnievale.co.za of sdebeer@hsbonnievale.co.za

13. **Community Keepers:** Community Keepers is ‘n nie-winsgewende organisasie wat van verlede jaar af by ons skool gratis ondersteuning en terapiesessies vir leerders van die skool bied. Hierdie jaar sluit ‘n maatskaplike werker ook by die span aan, wat twee dae ‘n week by ons skool beskikbaar gaan wees. Leerders kan deur ouers, onderwysers of hulself verwys word vir ondersteuning. Kontak asseblief een van bogenoemde jeugmentors indien u enigsins vermoed dat u kind emosioneel sukkel of leiding nodig het in moeilike situasies. Daar is geen rede hoekom enige Bonnie met ‘n seer hart of ‘n donker gemoed hoef rond te loop nie. Die hulp by HS Bonnievale is groot!

14. **Nuwe onderwyser:** Ons sê baie welkom aan me. Yolindé Delport (Engels Eerste Addisionele taal gr. 10-12 en vakhoof: Engels). Mev. Delport is besig om die leisels by mev. Jacqui Barnardt.

15. **WhatsApp:** Ons vind dat WhatsApp steeds die effektiefste manier is om met ons ouers te kommunikeer. Sorg asseblief dat u kind se registeronderwyser en die skool altyd u nuutste selfoonnommer het sodat u op hoogte gehou kan word. Gebruik ook gerus WhatsApp om die kantoor te kontak by 060 546 5247.

16. **Kommunikasie met onderwysers:** Ek besef daar is uitsonderings, maar ek versoek ouers asseblief om onderwysers slegs tussen 7:20 en 17:00 op weeksdae te kontak, tensy dit ‘n absolute noodgeval is. Onderwysers word gereeld in die aande met versoeke gekontak en daar word dan dikwels onrealisties aangedring op onmiddellike aandag. Die HSB-onderwysers is reeds baie langer by die skool in die dag as wat daar van onderwysers verwag word en hulle sit omtrent elke aand tot laat met lesvoorbereiding en nasienwerk. Hulle kwaliteit-tyd met hul eie gesinne is reeds erg beperk. Respekteer asseblief ons onderwysers se vrye tyd en hê begrip as daar nie altyd onmiddellik aandag gegee kan word nie. Ons sal altyd so gou as wat dit vir ons moontlik is op u versoeke reageer.

17. **Netheid skoolterrein:** Daar is die afgelope weke baie hard gewerk om ons terrein gereed te kry vir die jaar. Ons algemene assistente het reeds op 8 Januarie ingeval. Baie dankie aan al ons terreinpersoneel en onderwysers wat in die hitte hard moes werk om alles gereed te kry. Dit word raakgesien en waardeer.

18. **Assessering:** In die volgende omsendbrief sal ‘n volledige assesseringsprogram wat al u kind se take vir die jaar lys, gestuur word.

19. Aktiwiteite: Die volgende datums is belangrik:

Vr. 19 Jan.	Matriekuitslae 2023 by skool 11:10 Me. Sunel de Beer verjaar.
Sa. 20 Jan.	Tweekamp te HS Paarl Gimnasium Juf. Elmien Rossouw verjaar.
Ma. 22 Jan.	Sing songs-oefeninge vir kleurspanne begin elke oggend 7:25
Di. 23 Jan.	RSD Rugby Demo Gr. 1-7 Gr. 4-oueraand 18:00
Wo. 24 Jan.	NSD Netbal Demo Gr. 1-7
Do. 25 Jan.	Kleure-atletiek Dirigente-opkoms, krete en aflosse
Vr. 26 Jan.	Kleure-atletiekbyeenkoms Mnr. Michael Jordaan verjaar
Ma. 29 Jan.	Gr. 8-saalbyeenkoms en Golden Gate-seremonie (gr. 8-ouers welkom) 7:20
Di. 30 Jan.	Atletiek: Laerskole Dorpsbyeenkoms te HSB
Do. 1 Feb.	Kleure-swemgala o. 19-krieket vs. Swellendam
Vr. 2 Feb.	Alle leerders se handboeke en skryfboeke moet oorgetrek wees
Sa. 3 Feb	ASA Afrigtingskursus (Robertson) Tweekamp: Interprovinsiale toernooi (Oudtshoorn)

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

S. Prins
Skoolhoof

"Wat ook al besig is om in jou siel te roer, luister daarna. Alles anders is net geraas."

- Nicole Lyons